Publication: Sake (Beeld)
Date: Thursday, August 03, 2017
Page: 18

# ‘15’ is jou beste vriend vir geld by aftrede

**Elvira Wood**

Wanneer dit by finansiële beplanning vir jou aftrede kom, is die getal 15 jou nuwe beste vriend.

Dit is die getal wat dit vir jou maklik maak om uit te werk presies hoeveel geld jy nodig het om mee af te tree en om te sien of jy genoeg vir aftrede spaar, sê Karen Wentzel, hoof van annuïteite by Sanlam.

“Wanneer jy teen 65-jarige ouderdom aftree, moes jy 15 keer jou finale jaarlikse salaris gespaar het om ’n inflasiegekoppelde annuïteit te kan koop wat jou salaris gaan vervang,” sê sy. “Dit is dus jou getal.”

“Ons berekening is gegrond op ’n gemiddelde lewensverwagting van ongeveer 85 jaar,” sê sy.

Dit kom dus daarop neer as jy op 65 aftree, jy genoeg moes gespaar het om jou vir ten minste die volgende 20 jaar te kan onderhou.

In daardie tyd moet jy inflasie in gedagte hou, asook die feit dat jy soos jy ouer word, meer mediese uitgawes gaan hê.

Wentzel sê Suid-Afrikaners meet deesdae amper alles: van hoeveel treë hulle per dag gee en hoeveel punte hulle in winkels en banke se lojaliteitsprogramme verdien het tot die getal mense wat hou van hul nuutste foto of inskrywing op hul sosialemedia-blaaie.

Wat hulle nié meet nie, is of hulle op die regte koers is wat betref hoeveel hulle al vir hul aftrede gespaar het.

## Hoeveel moet jy spaar?

| Ouderdom waarop jy begin spaar | Persentasie van jou inkomste wat jy moet spaar |
|---|---|
| 25 | 15% |
| 35 | 24% |
| 45 | 43% |
| 50 | 60% |

* Die persentasies is almal op voorwaarde dat jy geen geld onttrek totdat jy aftree nie. As jy geld onttrek wanneer jy van werk verander, sal jy selfs meer moet spaar.

Bron: Sanlam Grafika24

Wentzel sê die twee vrae wat elke mens behoort te vra, is vir eers oeveel geld gaan ek nodig hê vir aftrede en ten tweede hoeveel moet ek elke maand of elke jaar spaar om dié bedrag bymekaar te maak?

Die meegaande tabel wys hoeveel jy reeds moet gespaar het as jy vir jou aftrede begin spaar het toe jy 25 jaar oud is/was.

Die berekeninge is op die volgende aannames gegrond:

Jy spaar 15% elke jaar van jou jaarlikse salaris, insluitend 15% van enige bonus of 13de tjek; jy verdien 10% per jaar opbrengs op jou beleggings; en jy kry ’n salarisverhoging van 6,5% per jaar.

Wentzel beveel ook ’n behoorlike oorsig aan van wat die waarde van al jou huidige bates en beleggings teenoor jou (en as jy getroud is jou eggenoot se) totale uitstaande skuld is.

“Noudat jy weet wat jy het en hoeveel jy skuld, sal dit ’n beter aanduiding gee oor hoe om jou doelwit – die bedrag wat jy vir aftrede moet spaar – te bereik.

**As jy laat geslaap het**

Jy gaan waarskynlik ’n groter deel van jou salaris moet spaar. Die meegaande tabel wys presies hoeveel.

**‘Dis onmoontlik!’**

As jy eers later wegspring, is dit maklik om na die syfers te kyk en tou op te gooi omdat dit onmoontlik lyk.

## Is jy op koers om vir aftrede te spaar?

| Jare gewerk | Veelvoud van jou jaarlikse salaris wat jy moet spaar |
|---|---|
| 5 | 1,2 |
| 10 | 2,3 |
| 15 | 3,7 |
| 20 | 5,3 |
| 25 | 7,2 |
| 30 | 9,4 |
| 35 | 12 |
| 40 | 15 |

Bron: Sanlam Grafika24

Jeanette Marais, ’n direkteur van Allan Gray, het vroeër gesê as jy jou in dié bootjie bevind, is die antwoord om aftrede so lank as moontlik uit te stel.

Marais sê net ’n paar jaar kan wondere doen vir jou aftree-inkomste.

As jy byvoorbeeld vyf jaar langer werk, voeg jy tien jaar by hoe lank jou kapitaal kan hou.

Selfs deeltydse werk, wat beteken jy het minder van jou aftreegeld nodig, kan ’n enorme bydrae lewer.

This material has been copied under a Dalro licence and is not for resale or retransmission.